

12 Junie

Skrifgedeelte: Filemon 1-25
Fokusgedeelte: Filemon vers 12

Geen ontvlugting moontlik

Filemon kan beskryf word as die Jona van die Nuwe Testament. Ons kan nie met sekerheid sê waarom hy uit Kolosse weg is en wat presies daartoe aanleiding gegee het nie. Dit is egter duidelik dat hierdie kort Bybelboek oor versteurde verhoudings en emosies handel asook oor verwagtings en die pad tot herstel. Mense is meesters daarin om te probeer ontvlug uit werklikhede wat onaangenaam is. Die wêreld waarin ons leef bied ook baie moontlikhede om te ontvlug. Daar is baie ontsnappingsroetes om te ontkom uit die pyn van die samelewing. Jongmense probeer ontvlug deur alkohol en dwelmmisbruik. Mense ontvlug uit finansiële nood deur Lottokaartjies te koop. Mense vlug ook graag weg van mislukte verhoudings. Wat doen jy met verhoudinge wat skipbreuk ly? Dagvaar jy die wat jou te na kom, of ignoreer jy hom/haar? Wanneer jou huwelik pyn veroorsaak, gryp jy ook na die uitweg van 'n egskeiding om te probeer wegkom?

Die groot probleem in Onesimus se nuwe lewe is die hinderlike oorblyfsels van sy ou lewe, naamlik ontvlugting en versteurde verhoudinge met Filemon en die huisgemeente. Solank hierdie doring in sy vlees hom hinder, is ware vrede en die opwinding van geloofsgemeenskap nie moontlik nie. Paulus rus nie voordat hierdie kloof in Onesimus se lewe herstel is nie. Onesimus hardloop nou nie meer weg van die Christelike gemeenskap nie, maar hy hardloop daarheen. Versoening in sy hart is 'n nuwe roetekaart na vrede en vreugde. Waarvoor, of vir wie, is jy vandag besig om weg te hardloop? Hardloop terug na God, na die versoening in Christus en die ware gemeenskap van gelowiges. Dit herstel vreugde.

Sing: Psalm 133:1

Ds ME Schalekamp (Potchefstroom Mooirivier)